## BOEKBESPREKINGS

Huttenback, R. A., *The British Imperial Experience.* R4.00, pp. xi/225. Harper and Row, New York en Londen, 1966.

Vandat die begrip Britse ryk moes plek maak vir 'n baie breër konsep naamlik Britse Gemenebes van Nasies, het daar reeds vele werke verskyn waarin skrywers 'n antwoord wou vind op die vraag waarom die verandering met sy gepaardgaande verdwyning van die blankes se gesagsposisie in Afrika en elders wel plaasgevind het. 'n Korte dertig jaar gelede kon Britse skrywers nog die Britse ryk wat in omvang veel groter was as dié van die Romeinse ryk, as uitgangspunt neem in hul besinning oor die mens en sy plek in die geskiedenis van die wêreld. Nou, na die Tweede Wêreldoorlog, het die Britse ryk eensklaps verdwyn en het Brittanje die leidende rol wat hy in die wêreldpolitiek vir meer as 'n eeu gespeel het, verloor.

In hierdie dertiental opstelle wat o.a. oor die rol wat Clive en Hastings in Indië gespeel het, die Durhamverslag en die toekenning van verantwoordelike bestuur in Kanada, die kolonisasie van Australië, die Indiese muitery, Cecil Rhodes as die prototipe van 'n imperialis, die Indiërs in Suid-Afrika, die Fashoda-insident en die Amritsar-insident handel, probeer die outeur meer as net 'n terugblik werp op uitstaande manne en gebeurtenisse in die Britse ryk. Ofskoon die gebeurtenisse en historiese situasies wat hy behandel uiteenlopend van aard is, word die onderskeie onderwerpe saamgebind deur die deurlopende vraag na wat die onderliggende emosionele betekenis van imperialisme eintlik vir die Brit was; hoe permanent die begrip imperialisme eintlik was ten spyte van die feit dat dit as 'n uiters belangrike dryfveer erken word en in hoeverre die gebeurtenissituasies wat uitvloeisels was van imperialisme in werklikheid die kiem gedra het van die verdwyning van imperialisme as lewensbelangrike imperatief vir die Britse staatsman.

Die sogenaamde „eerste Britse ryk" wat teen die einde van die agtiende eeu met die onafhanklikheidstryd van die Amerikaners geëindig het, het ontstaan vanweë die aggressiewe patriotisme van Tudor-Engeland. Die Tweede Britse ryk wat vanaf die begin van die negentiende eeu vorm aangeneem het, se gewig het in die Ooste, veral in Indië en Australië gelê met die suidpunt van Afrika as noodsaaklike strategiese skakel. Verskillende faktore het uitbreiding van die Britse ryk gedurende die negentiende eeu gestimuleer: Hebsug, humanitarisme, sendingywer, vrees vir kompetisie deur ander moondhede en daardie byna suiwer emosionele drang wat die gewone Brit laat hunker het daarna om die kaart rooi te verf, was almal onderliggende faktore wat die fenomeen, „prestige imperialisme" gekenskets het. Al hierdie faktore het tot gevolg gehad die vestiging van 'n wêreldryk, maar dit het daarna verdwyn. Een van die redes waarom die Britse ryk verdwyn het, was omdat die Britse bevolking en die Britse staatsmanne veral as gevolg van gebeurtenisse wat tot die vestiging van die Britse ryk aanleiding gegee het of uitvloeisels was van daardie vestiging, die hele filosofie van imperialisme as politieke doktrine in heroorweging geneem het. So wys Huttenback ten regte daarop dat Rhodes se optrede tot die uitbreiding van Britse gesag in suidelike Afrika gelei het, maar die wyse waarop dit gedoen is, het tot ernstige selfondersoek by die Britse volk gelei. Die bekende Indiese muitery met sy gepaardgaande wreedhede aan albei kante, het die Britse staatsmanne ernstig laat nadink oor die toekoms van die nie-blanke rasse binne die Britse ryk en dit sou lei tot die aanvaarding van die beginsel van blanke voogdyskap met as uiteindelike gevolg die politieke emansipasie van die nie-blankes in Indië, Afrika en elders. Aan die anderkant het die aanvaarding van die Durhamverslag van 1840 daartoe gelei dat verantwoordelike bestuur uiteindelik aan al die Britse koloniale gebiede toegeken sou word en in wese is die begrip verantwoordelike bestuur teenstrydig met die begrip

imperialisme en sou dit hierdie politieke lewenshouding ondermyn en uiteindelik heeltemal laat verdwyn om plek te maak vir die veel breër begrip van statebond wat weer op sy beurt so 'n uiters losse begrip is dat daar nouliks sprake kan wees van 'n eenheidsoptrede ten opsigte van vraagstukke buite die statebond en selfs binne die geledere van die gebiede wat die voormalige Britse ryk gevorm het soos byvoorbeeld in verband met die eensydige onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië.

Die outeur probeer ten slotte om die emosionele en intellektuele inhoud van imperialisme in hierdie reeks opstelle te ontleed. Met intellektuele en emosionele inhoud bedoel die outeur standpunte wat in die gebeurtenisse deur die persone wat daarin 'n rol gespeel het, gereflekteer word. Hy analiseer gevolglik die gebeurtenis-situasies en nie die standpunte en veranderende standpunte van staatsmanne en denkers self nie. Hy probeer dan om die vraag te vra of die imperialisme as politieke filosofie lewensvatbaar is, het die Britse volk geglo dat dit tot 'n verbeterde mens sal lei of was imperialisme blootweg maar net die manifestasie van 'n nasionale ego en was die begrip „imperiale idee" inhoudsvol? Dat dit tot kragdadige optrede van die kant van die Britse staatsmanne en volk aanleiding kon gee is seker, soos die bekende Fashoda-insident van 1898 toe die hele Britse volk in beroering gebring is deur die Franse aansprake op 'n ekonomies onontginbare stuk van die suidelike Sudan bewys. Indien die Franse daarin sou slaag om hierdie gebied te annekseer sou dit daartoe lei dat Brittanje sy imperiale droom van 'n aaneengeslote gebied tussen Kaapstad en Kairo sou moes prysgee. Om die stukkie uitgedorde betekenislose aarde te behou, was die Britse volk gewillig om 'n Europese oorlog te ontketen. Tog, soos die outeur in die laaste opstel „The Lagacy of British Imperialism" aandui, het hierdie enge negentiende eeuse jingoïstiese gees plek gemaak vir 'n geheel nuwe benadering, nl. die Britse statebondgedagte wat 'n absolute losse politieke konsep veronderstel wat deur geen enkele bindende sentrale gesag aanmekaar gekoppel word nie en waar die middelpuntvliedende kragte weens die aanwesigheid van soveel nie-blanke state groter is as die behoudende magte. Dat die lidmaatskap van die nie-blanke state permanent gaan wees, word ook deur die outeur betwyfel en hy sien in die toekoms 'n afstigting van die nie-blanke state waardeur die oorspronklike blanke dominiums die kern gaan vorm van 'n nuwe statebond. „Should the Commonwealth, however, return to its original membership, or survive only as a chapter in tomorrow's history books, the evolution of an Empire into a Commonwealth and finally into a multinational and multiracial community will always stand as a monument to British political pragmatism and the peaceful fulfillment of national aspirations". (p. 174)

Hierdie dertien kort opstelletjies verteenwoordig eintlik 'n herwaardering van bestaande feitekennis oor die geskiedenis van die Britse ryk. Die outeur het geen nuwe feitekennis tot die bestaande toegevoeg om tot 'n herwaardering te kom nie. Die verloop van tyd en die invloed van die jongste gebeurtenisse het alleenlik nuwe perspektief, nuwe insig gegee in die dinge wat verby is en 'n nuwe begrip gevorm van die dinge wat in die onmiddellike toekoms lê. Die outeur kondemneer nie, hy oordeel en veroordeel nie staatsmanne wat nie anders kon optree in die tydsituasies waarin hulle vasgevang was nie en evalueer sy feite met besondere insig en *gravitas*. Die werkie lees in sy geheel maklik en is plek-plek selfs sprankelend. In sy geheel verteenwoordig hierdie dertien opstelle van Robert A. Huttenback 'n baie mooi bydrae tot ons kennis van die verbygegane Britse ryk. T. S. van Rooyen.

Verhoog, P., *Korte geschiedenis van de scheepvaart*. Uitgeverij Nijgh & Van Ditmar, 's Gravenhage-Rotterdam, 1966. 80 bl., met afb. en bibliografie.

Die skrywer van hierdie populêr-wetenskaplike werkie verdeel die geskiedenis van die skeepvaart in vier agtereenvolgende tydperke, t.w. (1) meer as 30 eeue pre-

historiese en historiese skeepvaart, gevolg deur (2) ongeveer 10 eeue Middeleeuse skeepvaart, 'n tydperk wat omstreeks 1492 eindig. Hierdie tydperk word gevolg deur byna 4 eeue groot seilvaart, kolonisasie en wêreldhandel, terwyl die vierde, die huidige tydperk ongeveer 1½ eeu gelede begin het. Dit is die periode van die meganiese en elektroniese seevaart, wat sy voorganger gedeeltelik oorvleuel.

As vyfde tydperk staan ongetwyfeld die volslae atoomenergietydperk te wagte wat reeds gedeeltelik in die skrywer se benaming van die hedendaagse ontwikkelingsfase opgesluit lê.

Interessantheidshalwe noem ons van die eerste tydperk 'n paar merkwaardige oorblyfsels soos dié van die kano wat in 1955 op Pesse, in die Nederlandse provinsie Drente, gevind is en waarvan die ouderdom op ongeveer 8,500 jaar bereken word. Die oudste afbeeldings van skepe kom op rotstekeninge in die hartjie van die Sahara voor. Hierdie tekeninge dateer van ongeveer 8,000 jaar v.Chr.

Die outydse bewoners van Kreta het tydens die bronstydperk tin van Bretagne en Wallis, goud van Ierland en amber van die Oosseestreek verkry wat gedeeltelik oor land aangevoer is, terwyl in Drente, 'n halssnoer gevind is waarin 'n viertal Egiptiese krale van 13 tot 14 eeue v.Chr. aangetref is. Op grond van hierdie en ander feite, vestig die skr. dan ook tereg ons aandag op die feit dat die skeep- en seevaart van die ver verlede nie onderskat moet word nie. Hoe groot sommige seeskepe was, het o.m. in 1952 aan die lig gekom toe paddamanne 'n Griekse wrak van ongeveer 230 v.Chr. naby Marseille ondersoek het. Vermoedelik was die tonnemaat van hierdie vaartuig ongeveer 1,000. Daar is ook oorvloedige bewyse dat die skeep- en seevaart in Noordwes-Europa reeds eeue voor die begin van ons jaartelling besonder omvangryk was.

Ongeveer 18 bladsye word aan die seevaart van die Middeleeue gewy. Ons vestig die aandag op die Gokstadskip wat in 1880 aan die Kristianafjord opgegrawe is, aan die seereise na Ysland, die ooskus van Noord-Amerika en Groenland, aan die handel en skeepvaart in die Middellandse see en die seevaart op die Indiese Oseaan, die belangrikheid van die hawe Kilwa (Oos-Afrika) en die seereise na die Verre Ooste, terwyl Sjinese seevaarders tot aan die ooskus van ons wêrelddeel deurgedring het. Omstreeks 1420, aldus die skrywer, het die keiser van Sjina 'n lewende kameelperd van gesante van Melinda (=Melindi, Oos-Afrika) ontvang.

Vervolgens word aandag aan die verdienstes van die Portugese seevaarders en ontdekkingsreisigers gewy. Die tydperk van die groot seilvaart wat met kolonisasie en die ontvouing van die wêreldhandel gepaard gegaan het, volg in deel III. Vir ons is dit van belang om die skeepstipes te leer ken waarvan die Portugese en die Nederlanders hulle bedien het, terwyl hy ook die veelsydigheid (o.m. die walvisvaart) van die toenmalige Nederlandse handel en skeepvaart tot sy reg laat kom. Op bl. 56 word verklaar dat die Boere, m.a.w. die blanke koloniste aan die Kaap, min of meer aan hul lot oorgelaat is, 'n verklaring wat o.i. nie in alle opsigte met die werklike toedrag van sake strook nie en deur die skrywer nie verder verklaar is nie. Die aanvanklike doel van die V.O.C. was 'n halfwegstasie en geen territoriale uitbreiding aan die suidpunt van ons wêrelddeel nie. O.i. is dit gewens dat die skrywer, wat hierdie aspek betref, die geskiedenis van ons land gedurende die V.O.C.-tydperk behoorlik nagaan en dan noukeurig omskryf wat hy presies met sy uitlating bedoel het.

Aangesien daar 'n groot aantal *clippers* om die Kaap geseil het, is die wetenswaardighede wat die skrywer in dié verband o.m. op p. 71 e.v. meedeel van groot belang vir die kennis van die seevaart in ons eie omgewing. Dit geld ook vir die gegewens met betrekking tot die stoomvaart voor die opening van die Suezkanaal. Die beknopte bibliografie aan die slot van 'n oorsigtelike relaas is insiggewend en nooi die leser uit om dieper in hierdie onderwerp te gaan delf.

J. Ploeger.

Kennedy, R. F., *Thomas Baines, ses Akwarelle/Water Colours.* R50 (luukse ed.), R5, pp. 4 (intr.), 6 plate. A. Robinson, Johannesburg, 1967.

Ses reproduksies na akwarelle in die Africana Museum in Johannesburg, met 'n vinjet op die omslag. Hulle gee 'n heeltemal nuwe kyk op die werk van Baines. As kunstenaar het Baines op my nog altyd maar 'n matige indruk gemaak. Sy olieverfskilderye, wat mens gewoonlik in die museums sien, was aangenaam van kleur en kon gerieflik by die romanties-realistiese rigting geklassifiseer word. Hulle maak 'n bietjie vetterige indruk, asof die skilder moeilik uit die verf kon kom. Die voorstelling is partymaal styf en daar word nadruk gelê op allerlei besonderhede, sodat daar maar min aan mens se verbeeldingskrag oorgelaat word. Kultuur-histories is hulle vanselfsprekend van die grootste belang. Baines was 'n intelligente kunstenaar wat min verskynsels aan sy skerp oog laat ontsnap het. Daar is min op die gebied van landskap, diere-, voëls- en plantlewe, die naturelle, wat nie een of ander tyd sy aandag getrek het nie. Op sy agt ekspedisies in die binneland van Suidelike Afrika, het hy 'n groot aantal sketse en waterverwe gemaak. Die indrukke wat hy so vasgelê het, het hy naderhand in olieverf uitgewerk. Maar, soos dit so dikwels in 'n kunstenaar se werk voorkom, veral in die 19de eeu: dit blyk dat sy vlugtige sketse en akwarelle vir ons vandag baie aantrekliker is as die weloorwoë skilderye. Die sketse laat ons die beste sien wat hom as mens die meeste getref het en die werk is baie spontaner. Met min middele word dikwels veel weergegee en gesuggereer. Ook die stemming en sfeer van 'n tafereel kom baie beter tot sy reg. Waar mens vroeër met 'n sekere koel-historiese belangstelling Baines se werk bekyk het, kan mens in hierdie sketse na 'n kunssinnige waarde soek. Geen wonder dat dit drie jaar geduur het voordat die reproduksies die peil bereik het wat hulle nou het nie. En hierdie standaard beteken dat die reproduksies die oorspronklike kleure perfek weergee, soos R. F. Kennedy in sy introduksie meld.

Die boek het tot stand gekom met behulp van die direktrise en personeel van die Africana Museum, mense waarvan bekend is dat hulle hul met niks minder as die allerbeste tevrede stel nie. Ook by hierdie reproduksies is dit weer duidelik merkbaar. Hulle omvat twee taferele van Baines se eerste reis in die binneland, toe hy in 1848 saam met W. F. Lidele 'n jagtog na die Oranjerivier onderneem het. Die orige vier het hy geskilder tydens sy reis met J. Chapman van Walvisbaai na Ngamimeer, die Victoriawaterval en die Zambezirivier, van 1861 tot 1864. Daar lê dus dertien jaar tussenin. Die eerste twee landskappe, uit 1848, toon veel gebruik van bruin tinte, terwyl 'n groot stuk lug moet saamhelp om die juiste sfeer te skep. Daar is taamlik veel besonderhede, meer gebruik van swart lyne, die geheel is meer topografies. Dertien jaar later kom pleks van bruin meer groen op die voorgrond. Die lug is nouliks aangedui, meestal heeltemal effe. Daar word geen aandag aan details gegee nie en Baines het meer gebruik gemaak van gekleurde lyne en vlakke. Groen en bruin word hier en daar feestelik opgelig deur helder rooi vlekke. Bome is gebruik as repoussoir: diepte en ruimte is sterker gesuggereer as wat dit sigbaar is.

Tereg wys mnr. Kennedy in 'n uitvoerige introduksie daarop dat van die drie professionele kunstenaars, Bowler, I'Ons en Baines, die laaste die enigste een was wat reis en skryf. I'Ons se werk is bowendien baie ongelyk in kwaliteit. Bowler staan op 'n hoër peil as Baines, maar hy het amper uitsluitend akwarelle gemaak, wat by Baines juis net as voorlopige sketse was.

Wanneer ons Baines met Burchell vergelyk, het lg. beter onderwys gehad en gevolglik oor meer kennis beskik. Maar ook Baines, hoewel in minder mate, het heelwat wetenskaplike kennis opgedoen en ook hy het by sy opmerkingsvermoë 'n onbevooroordeelde kyk op gebeurtenisse gehad en hy was besonder noukeurig. Albei kon skets en skryf.

Baines was 'n belangrike reisiger, as kunstenaar is hy nie van wêreldformaat nie. Nogtans het hy, afgesien van noukeurigheid, kans gesien om 'n sfeer weer te gee wat ons self vandag ook aanvoel wanneer ons deur 'n streek reis wat hy 'n eeu gelede besoek het. Met hoeveel plesier, belangstelling en opmerksaamheid het hierdie man die wêreld om hom heen bekyk!

Hierdie boek is 'n aanwins vir enige versamelaar van Africana. Dit kan uitstekend vir onderwysdoeleindes gebruik word en dit sal ongetwyfeld sy weg na die verskillende biblioteke in ons land vind. Maar dit sal ook die gewone liefhebber van mooi boeke oor ons land baie genoeë verskaf. Die reproduksies is los in 'n plastiese sak bygevoeg. Hulle sou ook geraam en in die huis of klaskamer opgehang kan word. Laat ons hoop dat dit nie by hierdie uitgawe sal bly nie en dat die uitgewers gaan besluit om meer op hierdie gebied uit te gee.

G. E. Nilant

Nilant, F. G. E., *Lagersdrift*. Opheffingsdaad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 90c., pp. 88. N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria, 1966.

Die werk is die resultaat van 'n deeglike studie van allerlei gegewens verkry o.a. „uit die Handelinge van die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk" vanaf 1909, notules van vergaderings van die Kommissie vir Armblankes, die rapporte van die superintendente en ouditeurs, kontrakte en ooreenkomste, briefwisseling en ander gegewens in die argief van Lagersdrift, wat nou na die kerklike argief in Pretoria oorgeplaas is".

Die skrywer wil reg laat geskied aan die onderwerp van behandeling. Die plek Lagersdrift word gelokaliseer; die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan word bespreek en die doel van die nedersetting word omlyn.

In die tweede hoofstuk word die grondvesting en die pligte en verantwoordelikhede van die Superintendent, mnr. I. M. C. van Wyk, bespreek. Daar was baie moeilikhede. Sommige koloniste wat hulle nie kon aanpas nie, moes weggestuur word. Tog was Lagersdrift vir baie verarmdes 'n tydelike toevlugsoord vanwaar hulle na ander moontlikhede kon uitkyk om hulle toestand te verbeter.

Daar was egter ook glanspunte: Oeste het stadigaan verbeter. In 1908 is reeds 'n mooi skoolgebou opgerig (begin met 50 leerlinge), terwyl daar aan die begin in tente onderrig gegee is. 1913 verskyn die eerste arts, nl. dr. Hinde, op die toneel. Die verpleegster was mev. Swanepoel wat haar besoeke eers te perd afgelê het en later oor 'n fiets beskik het.

In 1923 is die landbouskool opgerig, wat ook 'n soort proefstasie was vir die nedersetting. 1925 is 'n padmotordiens ingestel; 'n huishoudskool is opgerig wat 1934 reeds vir 34 dogters voorsiening gemaak het; die laerskool het verder gegroei; gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die huishoudskool en die landbouskool gesluit, en in die plek daarvan het 'n skoolplaas gekom; die intermediêre skool het weer 'n gewone laerskool geword.

In 1953 het die *dorp* Lagersdrift 'n werklikheid geword.

Tereg wys skrywer daarop „dat die onderneming in die begin niks minders as 'n avontuurlike waagstuk was nie". As geloofsdaad dwing dit egter ons bewondering af.

Sommige nedersetters het mettertyd fluks vorentoe geboer — vir sommige onverskilliges en trae sukkelaars sou 'n werkkolonie die „aangewese instelling" wees. Die ware „esprit de corps" het by die nedersetters eers ontstaan nadat die persele hulle eiendom geword het. Hierdie moontlikheid om grondbesitters te word, was vir hulle nie net die grootste aanmoediging nie, maar die geleidelike selfstandigwording was die enigste ware oplossing vir die nedersetting.

By die vraag ten slotte of die nedersetting as 'n geslaagde onderneming beskou kan word, moet die materiële sowel as die kerklike doelstellings voor oë gehou word. Materieel gesien, was dit ongetwyfeld 'n sukses; die Kerk het egter nooit die geestelike bearbeiding uit die oog verloor nie en dit besonder belangrik geag.

„Die honderde wat tydelik of vir langer duur bereik kon word, die uitgebreide opvoedkundige moontlikhede op die nedersetting en die uitgebreide resultaat om 'n groot aantal nedersetters tot eienaars van kleinhoewes op te hef, was voorwaar geen geringe taak nie, en die kerk het hom hiervan op 'n voortreflike manier gekwyt" (bl. 76).

Die skrywer wat streng wetenskaplik te werk gaan en telkens sy bewerings staaf, kan geluk gewens word met hierdie bydrae — 'n stukkie geskiedenis — egter ook 'n opheffingsdaad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

J. A. E. Leue.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Atkyns, Richard (edited by Peter Young) and Gwyn, John (edited by Norman Tucker), *The Civil War.* (Military memoirs). R3.65, pp. XI, 129. Longmans, 1967.

*Analele Stintifice* ale Universitá "Al. I. Cuza" din Lasi (Serie Nuoà). Sectiunea III, a. Istoria. Tomul XII, Annul 1966. pp. 181.

*Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap.* Julie 1967. Nommer 9. Pp. 53-99. 30c posvry. Pro Rege-pers, Potchefstroom.

Costello, Edward (edited by Antony Brett-James), *The Peninsular and Waterloo Campaigns.* (Military memoirs). R4.90, pp. XIX, 172. Longmans, 1967.

Doman, F. H., *Didaktiese benadering van die Geskiedenis op die laerskool.* R1.90, pp. 181. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967.

Fieldhouse, D. K., *The theory of Capital Imperialism.* (Problems and perspective in history). R1.30, pp. XIX, 202. Longmans, 1967.

Hassall, W. O., *History through surnames.* 25/-, pp. XV, 224. Pergamon Press, Oxford ect., 1967.

Hopewell, S., *Europe from the Revolution to Dictatorship.* 30/-, pp. IX, 301. Pergamon Press, Oxford ect., 1967.

Phillips, Wendell, *Oman. A History.* R7.20, pp. XIV, 246. Longmans, 1967.

Postan, M. M., *An economic history of Western Europe* 1945-1964. 42/-, pp. 382. Methuen and Co. Ltd., London, 1967.

Sadler, Celia (compiled by), *Never a young man.* Extracts from the letters and journals of the Rev. William Shaw. Pp. 189. H.A.U.M., Cape Town, 1967.

Swart, M. J., Geyser, O. en Van Aswegen, H. J., *Tussen absolutisme en rewolusie.* Grepe uit die algemene geskiedenis van 1660 tot 1789. R3.50, pp. 248. Nasou, Kaapstad.

Van Jaarsveld, F. A., *Nuwe geïllustreerde geskiedenis. Standerd VII.* Opgestel volgens die nasionale kernleergang. R1.40, pp. 290. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967.

Van Jaarsveld, F. A., *Nuwe geïllustreerde geskiedenis. Standerd VIII.* Opgestel volgens die nasionale kernleergang. R1.50, pp. 324. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967.